# TOM NEWBY SCHOOL

| | | | |
|---|---|---|---|
| VAK : | AFRIKAANS VRAESTEL 2 | EKSAMINATRISE: Mrs. Pienaar | |
| DATUM: | 9 Junie 2015 | TOTAAL: Taal: /15 | Leesbegrip: /25 |
| SESSIE: | 1 | TYD: 1.5 Ure | |
| GRAAD: | 6 | MODERATRISE: Mrs Brits | |

NAAM Memo I GR ______

This Afrikaans exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School Afrikaans book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

**Vraag 1: Kyk na die prentjies en beantwoord die vrae. [15]**

1. Verbind die volgende sinne.

A) Die werkers pluk die bessies. Die bessies is ryp. (want) (1)

Die werkers pluk die bessies want die bessies is ryp.

B) Die groen bessies is met die rooi bessies gepluk. Die werkers sorteer die bessies. (daarom) (2)

Die groen bessies is met die rooi bessies gepluk, daarom sorteer die werkers die bessies.

2. Wat word in prentjie vier met die bone gedoen? Skryf net die werkwoord. (1)

was of gewas

3. Verdeel 'geroosterd' in lettergrepe ge / roo / ster / d (1)

4. Voltooi die sin met die regte voorsetsel elke keer.

A) Sit die koffie in die koppie saam met een lepel suiker.

B) Pluk die koffie bessies af die bome. (2)

5. Gee een byvoeglike naamwoorde vir koffie. bruin / warm / lekker (1)

6. Voltooi:

**Een koffieboon=**

a) baie koffiebone b) 'n klein koffieboontjie (2)

7. Verander die onderstreepte woorde so dat die sin reg is. **Kyk na prent 10.**

***Die vrou het haar koffiebone gemaal .***

Die man het sy koffiebone gemaal. (2)

8. Skryf die volgende woorde in alfabetiese volgorde: (1)

Koffiebone, koffiemoer, koffieplantasies, kitskoffie, kieme, koffie, koffiemeul

kieme, kitskoffie, koffie, koffiebone, koffiemeul, koffiemoer, koffieplantasies

9. Skryf die volgende sin weer met leestekens in die regte plekke. (2)

*Die ou vrou sê Ek hou van koffie.*

Die ou vrou sê: "Ek hou van koffie."

Totaal Taal A: /15


**<u>Vraag 2– Kyk na die liedjie en dan beantwoord die vrae. (10)</u>**

**<u>Super hero — Eden</u>**

Koor

Kan ek jou Superman, Batman,
Ironman, Spiderman wees.
Ek sal jou opass in die donker
Vir jou 'n hero wees.
Kan ek jou Superman, Batman,
Ironman, Spiderman wees.
Sal die wêreld vir jou aanvat
Vir jou 'n hero wees.





Kan ek jou hero wees
In al die stories wat jy lees
En elke aand as jy gaan slaap
Is ek die een wat oor jou waak.

Ek sal die donderweer,
Warrelwinde teen jou deur,
Ek sal die held hier binne my
Net soos 'n reus vir jou baklei.



Koor

Ek sal jou trane vang,
Voor dit rol oor jou wang,
Want net een glimlag vir nou
Is al wat ek nodig het van jou.

Ek sal die weer en weer bewys
Al word ons oud al word ons grys
Want ek weet dit is net jy
Dis jy wat 'n hero maak van my

Koor

Ek's 'n man met 'n hart van staal
Wat jou nie sal laat gaan
En vanaand is die aand
Wat ek jou vra…



1. Wie is die sanger van 'Super Hero?

Eden (1)

2. Watter twee lyne in die liedjie sê vir ons dat hy oor haar in die nag gaan waak. Gee net die lyn nommers.

3, 11 (1)

3. In lyn 16, sê die sanger dat hy vir haar soos 'n reus sal baklei. Is dit 'n voorbeeld van klanknabootsing of vergelyking?

vergelyking (1)

4. Watter soort rympatroon is daar in vers drie?

paarrym (1)

5. In vers vier is daar **twee stel** rymende woorde. Skryf albei neer. Bv. speel en veel

vang – wang nou – jou (2)

6. Dink jy dat die sanger regtig vir die meisie om gee? Verduidelik jou antwoord.

Ja, hy will haar opas / hy wil nie hê dat sy moet huil nie

(2)

7. Hoe lank gaan hy oor haar waak? Onderstreep die regte antwoord. (1)

A) Tot hy 'n reus is.

B) Tot Spiderman hom help.

C) Tot sy glimlag.


D) Tot hulle oud en grys is.

8. Wat is die rympatroon van die koor?

gebroke (1)


Totaal Leesbegrip A: /10

**Vraag 3 - Lees die Dagboek inskrywing en beantwoord die vrae.**



Liewe Dagboek

Ek sien dis vyf weke sedert ek laas iets hier geskryf het. Ek het 'n besige maand gehad! My maat se broer het ons gevra om hom te help om sy partytjie te reël. Ons moes die beligting en die musiek, sowel as die kos en drankies vir veertig mense organiseer. Die partytjie was wonderlik. Ons het gedans en gesels en op die springkasteel gespring.



Voordat ek my oë kon uitvee, was dit vakansie. Op die laaste dag voor die vakansie het ons almal aan die landloopwedren deelgeneem. Daarna het ek en my maats na die dam toe gegaan. Die helfte van ons klas was daar, want die skole het gesluit. Ons het sokker gespeel, musiek geluister en werklik ons eerste dag van die vakansie geniet.
Die volgende dag het ek see toe gegaan saam met 'n maat. Ek het so gelukkig gevoel, want ek was nog net een keer vantevore by die see. Die eerste twee dae was wonderlik. Die son het geskyn en die water was warm. Toe begin dit te reën. Ek en my maat het begin om 'n legkaart van 'n duisend stukke, wat iemand hom vir sy verjaarsdag gegee het, te bou. Die see was ysig koud, maar ek het geswem. Ek wou nie agterna spyt wees omdat ek nie elke dag in die see geswem het nie.

Terug by die skool besef ons dat ons slegs vier weke oorhet voordat ons die eindeksamen moet skryf. Jy sou dink die onderwysers sal ophou om vir ons huiswerk te gee. Maar nee! Ek het 'n geskiedenistaak om te doen. Nuwe werk slegs vier weke voor die eindeksamen. Ek wens die onderwysers wil liewer hersiening doen in plaas van nuwe werk!

Kan hulle nie onthou hoe dit voel om jonk te wees nie?

1. Kies die regte antwoord. Onderstreep die regte antwoord.

A) Die kind skryf in sy dagboek.... *(1)*
a) elke dag.
b) gereeld.
c) nie gereeld nie.

B) Wie se partytjie was dit? *(1)*
a) Sy partytjie.
b) Sy beste maats se partytjie.
c) Sy maats se broer se partytjie.
d) Sy broer se partytjie.

C) As jy goed by 'n landloopwedren doen, kan ons sê dat jy 'n goeie .................*(1)*
a) atleet is.
b) netbal speler is.
c) student is.

D) Die kinders het ........................ gevoel wanneer hulle op die springkasteel was.
a) verbaas
b) boos
c) vrolik
d) hartseer (1)

E) Die kinders het ........................ gevoel wanneer hulle huiswerk gegee was.
a) gelukkig
b) boos
c) vrolik
d) hartseer (1)

F) By die dam het die kinders........ (1)
a) net rond gelê.
b) die eerste dag van die vakansie geniet.
c) met mekaar baklei.
d) skool toe gegaan.

G) Hy het die partytjie hulp reël. Watter een van die volgende woorde sal hom bes beskryf? (1)

a) lui

b) spelerig

c) georganiseerd

H) Hoe veel tye was hy al by die see? (1)

a) Baie keer voor

b) Nooit

c) Hy gaan kus toe elke week.

I) Wanneer het hulle geswem? (1)

a) Net wanneer die son geskyn het.

b) Net een keer.

c) Die see was warm.

d) Elke dag.

J) Hoekom dink die kinders dat hulle nie huiswerk hoef te hê nie? (1)

a) Want dit is amper tyd vir die eindeksamen.

b) Hulle weet al die werk alreeds.

c) Hulle is te moeg na die vakansie.

2. Noem drie dinge wat hulle by die partytjie gedoen het. (3)

Hulle het gedans, gesels en op die springkasteel gespring.

3. Wat het die maats op die laste môre van skool gedoen? (1)

Hulle het in die landloopwedren deelgeneem

4. Hou die skrywer van swem? Hoekom sê jy so?

Ja, hy het elke dag by die see geswem / hy het in die koue water geswem (2)

5. Waar het die helfte van die klaas gegaan na die landloopwedren ? Noem twee dinge wat hulle daar gedoen het.

Hulle het na die dam gegaan. Hulle het sokker gespeel en musiek geluister. (3)